
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411



Geloof in die Woord

Die Begin en die Einde

Ons is almal bewus van die baie onlangse aanvalle wat op die geloofwaardigheid van God se Woord deur die wêreld media, beïnvloed deur ongelowiges en wantrouiges, gedoen is. Dit is tot `n sekere mate verstaanbaar, want hulle het geen kennis van die waarheid van God se Woord nie. Wat egter onverskoonbaar is, is dat daar ongelukkig vandag baie Christene is, wat beweer dat hulle God se Woord verstaan en daarin glo, maar hulle optredes weerspreek dit. Paulus verwys hierna in **2 Tim. 3:5: mense wat `n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af. 2 Tim. 3: 7: wat altyd leer en nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie.** Daar is `n geweldige verskil tussen geloof en glo. Die Bybel sê dat selfs die demone glo en sidder. **Jy glo dat God een is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder (Jak. 2:19).** Laat my toe om `n eenvoudige voorbeeld te gebruik om hierdie beginsel te illustreer. Stel jou voor dat jy in `n woestyn gestrand is, op die punt om te sterf en dan kom jy op `n poel water af. Jy kan langs daardie poel lê en GLO dat as jy die water drink, jy sal lewe, maar tensy jy nie werklik daardie water drink nie, sal jy van dors sterf. Deur egter die water te drink, handel jy op wat jy glo. Geloof is om te HANDEL volgens wat jy glo. Daar is diegene wat soveel van hul tyd bestee om van een Christelike konferensie na `n ander te hardloop, om soveel moontlike kursusse by te woon en tog lyk dit asof daar min geestelike groei in hul lewens plaasvind. Paulus praat van hierdie mense in **2 Tim. 3:7:** hy sê dat hulle: **Altyd leer en nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie.** Dit help ons nie om al die kennis van die Woord van God te hê en dit nie toe te pas nie.

Ons moet daarteen waak om te probeer om met ons klein verstand God se Woord uit te redeneer, of om ons eie verduideliking te regverdig om ons tekort aan geloof en ongeloof te regverdig, en so `n beperking op ons Magtige Soewereine God plaas. Ons is deur Jesus Self gewaarsku teen hierdie gevaar in **Luk. 18:8: Maar as die Seun van God kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?**

Dit gaan nie beter met die wêreld nie en net voor Jesus se koms, sal die laaste dae die ergste wees. Min sal die geloof hê wat God van ons verwag, wanneer Jesus terug kom.

Daar was baie mense wat Jesus gevolg het toe Hy op die aarde was met die uitsluitlike doel om Hom te sien wonderwerke doen, voordat hulle sou glo. Jesus het dit in die volgende skrif vir ons vertel: **Joh. 4:48: Jesus sê toe vir hom: As julle nie tekens en wonders sien nie, sal julle nooit glo nie. Joh. 6:30: En hulle sê vir Hom: Watter teken doen U dan, sodat ons kan sien en U glo? Wat werk U?**

Die rede waarom Jesus die geloof van die hoofman, wat Hom gevra het om sy dienskneg te genees (Mat.8:5) aangeprys het, was omdat die man gesê het dat as Jesus net die **"woord"** spreek, sal sy dienskneg gesond word. Hy het nie nodig gehad om te sien sodat hy kon glo nie.

Die heel eerste voorbeeld van die mens se bedrieëry is in Gen. hoofstuk drie aangeteken. Die duiwel het `n eenvoudige vraag gevra nl. **"Is dit ook so dat God gesê het?"** (Gen. 3:1). Dit het veroorsaak dat Adam en Eva God se Woord in twyfel getrek het en in ongeloof verval het. Sedert die val van Adam en Eva in die Tuin van Eden, was daar nog altyd dieselfde probleem, dat die mens na die leuens van Satan luister en God se Woord in twyfel trek. Daar is egter ook diegene wat gekies het om God op Sy Woord te vat en deur te glo, Hom gehoorsaam het. Abel se geloof het veroorsaak dat hy aan God gehoorsaam was, wat God behaag het, maar sy broer Kain, alhoewel hy in God geglo het, het die teenoorgestelde gedoen. Noag, deur geloof, was aan God gehoorsaam en hy en sy gesin is gered. Abraham deur geloof, het na die stem van God geluister, Hom gehoorsaam en het voortgegaan en Sy beloftes geërf. Die Bybel is vol voorbeelde van hulle wat God vertrou het en die wat gekies het om dit nie te doen nie en ons lees van die gevolge.

Die duiwel het en sal altyd

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Geloof in die Woord …)
probeer om die Woord van God in diskrediet te bring, met die doel om ons geloof te ondermyn. Satan weet dat Heb.11:6 verklaar: **En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en `n beloner is van die wat Hom soek.** God sal diegene beloon wat geloof in Hom en in Sy Woord het, wat een is (Joh. 1.1), en die vyand van ons siele haat dit. Met dit in gedagte, laat ons na **Heb. 11:3** kyk, wat ons vertel, **deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.** Met ander woorde, God het alles wat bestaan uit niks geskep. **Kol. 1:16: Want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.**

Joh. 1:3: Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. Dit word duidelik in die Nuwe Testament gewys dat Jesus die **"Woord"** is Wie by God was voor die grondlegging van die aarde, die Skepper is van alles wat bestaan, soos ons dit nou ken, volgens die verslag van die skepping in Genesis. Satan het wel `n gedeelte van God se skepping besoedel. Die leuens wat die duiwel wou hê dat mense moes glo deur die Ewolusie gelyke, is om twyfel te saai aangaande die skepping van hierdie aarde en die mens. Ewolusie is nie `n teorie nie, dit is in werklikheid `n geloof deur Satan geskep. Die rede waarom ek dit sê is omdat diegene wat die Ewolusie steun "glo" dat hulle van ape afkomstig is, en voor dit, een of ander mikroskopiese sel was. Waarom hierdie redenasie uitmekaar val, is omdat daar geen antwoord is op die vraag wie die eerste sel in die eerste plek geskape het nie. Dit is `n wetenskaplike feit dat lewe van lewe kom. Die mens moet nog lewe skep uit iets wat geen lewe in dit het nie. Slegs God in Sy oneindige wysheid is by magte om dit te doen, wat in Genesis hoofstuk 1 bevestig word.

Voordat ons na God se weergawe van Sy skepping in die boek Genesis kyk, is dit vir ons belangrik om vas te stel wie hierdie verhaal geskryf het en hoe dit aan die skrywer geopenbaar is. Ons weet uit die skrif dat Moses, wat goed geleerd was aan die universiteite van Egipte omdat hy in Farao se huis opgegroei het totdat hy veertig jaar oud was, die eerste vyf boeke van die Ou Testament geskryf het. Daar is twee maniere waardeur Moses kennis van die skepping verkry het. Eerstens is hierdie inligting van die een geslag na die ander geslag oorgedra. Tweedens is hierdie waarheid deur God Self aan Moses geopenbaar, want ons lees in **2 Tim. 3:16: Die hele Skrif is deur God ingegee……** Die apostel Paulus en die apostel Johannes het albei Goddelike openbaring direk van God gekry. Moses was in direkte kontak met God op die Berg Sinai. Hierdie noukeurige verhaal van die skepping van die hemele, die aarde, die mensdom en ook die val van die mens en die belofte van `n Messias, kon slegs deur God aan Moses geopenbaar word. As ons glo dat God is, was en altyd sal wees, waarom sal ons daaraan twyfel dat Hy die "Woord" gespreek het en onmiddellik is die heelal, soos ons dit ken, gevorm? Die son en maan is in hul plekke geplaas net soos God beveel het. God het elke planeet en elke ster met `n presiese doel en noukeurigheid geplaas. **Ps. 19:2: Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande.** Ons lees ook in: **Spr 30:4 Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in sy vuiste versamel? Wie het die waters in `n kleed saamgebind? Wie het al die eindes van die aarde vasgestel? Hoe is sy Naam? En hoe is die Naam van sy Seun—as jy dit weet?**

Gen 2:7: En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens `n lewende siel geword.

Elke lewende skepsel is doelbewus geskape om deel te vorm van die volmaakste ekologiese balans. Die mens verwonder hom steeds tot vandag toe, selfs in die vervloekte toestand, aan die natuur. Daar is aanpassings van plante en diere oor die afgelope ses duisend jaar, wat duidelik is deur wat ons vandag sien, voëls is egter as voëls geskape en beeste as beeste, ensovoorts. Vrugtebome is geskep om vrugte te dra en saad te voorsien. Al die verskillende soorte visse is onmiddellik geskape sowel as al die diere, alles om aan God en die mens vreugde te verskaf. Gedurende die eerste vyf dae van die skepping word aangehaal dat God "gesê", God "gesien" en God "geroep" het. Toe dit by die skepping van Adam gekom het, het God gesê: "laat **Ons** die mens na **Ons** beeld maak". **Gen. 1:27: En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.** (Nie as ape nie)

Gen 2:7: En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens `n lewende siel geword.

Daar bestaan absoluut geen twyfel dat die mens oombliklik gemaak is, en nadat God lewe in sy neus geblaas het, het hy `n lewende en ewige wese geword, `n volmaakte mens, een wat nie moes ontwikkel nie. **Joh. 1:4: In hom (Jesus) was lewe;** wat bevestig dat Jesus die bron van lewe is. Na die wêreld word verwys as "van die begin", van die eerste dag, maar die Woord (Jesus) was "in die begin", het altyd bestaan. Moses het hierdie stelling in **Ps. 90:2** gemaak**: Voordat die berge gebore was en U die aarde en die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God.**

Ons lees van God se skepping weereens in **Exodus 20:11:** wat ons vertel dat: **Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus,** en ek glo dat God bedoel het dat ons Sy Woord letterlik moes opneem. Ek glo dat die Tuin van Eden `n werklike tuin was. Ek glo dat Noag werklik `n ark gebou het en dat daar werklik `n wêreldvloed was. Ek glo dat Abraham werklik honderd jaar oud was toe Isak gebore is, selfs alhoewel Sara se moederskoot werklik dood was (Rom. 4:19). Ek glo dat die Rooi See werklik verdeel is, en dat Jona werklik vir drie dae binne-in `n groot vis was. Ek glo dat Jesus werklik uit `n maagd gebore is, dat Hy werklik aan `n kruis op Golgota gesterf het, dat Sy bloed werklik gestort is en dat Hy werklik na drie dae uit die dood opgestaan het. Waarom hou mense dan vol om te probeer om `n werklike ses daagse skepping van die wêreld, soos in Genisis beskryf word, weg te redeneer? God is verseker Soewerein en niks is vir Hom onmoontlik nie! Die Bybel vertel aan ons dat die wysheid van die wêreld, dwaasheid vir God is. Jesus het in

(Vervolg op Bl. 6)

WHAT A MIGHTY GOD WE SERVE

This may sound like a strange question to you, but your faith depends on how you see God; and whether or not your prayers are answered, depends largely upon your faith. An incorrect concept of God can limit your prayers. If you see God as mighty but not Almighty, that He can do some things, but not everything, OR if you see God as Almighty but unwilling, you make God out to be as unpredictable as man, and not someone in whom a person can place their full trust and faith! Naturally such a concept of God is unscriptural and incorrect and we must return to the Bible in order to gain an accurate and correct image of God.

Come let us study a few scriptures:-

Psalm 19:1 " The heavens declare the glory of God; the skies proclaim the work of his hands."

Psalm 113:4-6 "The Lord is exalted over all the nations, his glory above the heavens. Who is like the Lord our God, the One who sits enthroned on high, who stoops down to look on the heavens and the earth?"

Jer. 32:17 "Ah, Sovereign Lord, you have made the heavens and the earth by your great power and outstretched arm, Nothing is too hard for you."

Jer. 32:27 "I am the Lord the God of all mankind. Is anything too hard for me?"

2 Chron. 6:18 " But will God really dwell on earth with men? The heavens, even the highest heavens, cannot contain you. How much less this temple I have built!"



...The time has come for the whole body of Christ (the church) to move into a new dimension, in relation to faith and prayer, and trust God for the IMPOSSIBLE...

These scriptures speak about the incomprehensible greatness of God. When we read Romans 1 and 2 it says that His eternal power and godliness can be understood and clearly seen in nature. Thus if we want to see WHO God is, we must look at what He has created and thus, according to the letter to the Romans, it is inexcusable to deny the existence of God, because He has revealed His eternal power and Godly character through the things that He has made; His creation speaks of His Greatness.

Let us look at a few commonly acknowledged scientific facts, taken from a well-known geographic magazine dated 1979, and reported by a group of secular scientists who were amazed at what they call "Mother Nature". We call it " the creation of God", His Handiwork. They do not recognise any Creator, but believe that the creation just happened accidentally.

Firstly there is the GREATNESS and GRANDEUR of the Creation, and remember throughout, that God created everything by the Word of His Mouth.

Until recently, distances in space had scientists baffled, because they were immeasurable. They could not measure them in millions or even billions of miles, because the distances were too great. They have to measure these distances in light years. To gain insight into this concept, think about the difference between a million and a billion!

If I was to give you a million Rand and you spent R100, 000 every day, your money would be spent within 10 days. But if I gave you a billion Rand and you had to spend R100, 000 every day, it would take you 27 years to spend it all! We see that there is an enormous difference between a million and a billion, and yet still such figures are insufficient to measure the boundaries of the universe!

The distance between the earth and the sun is 93 million miles. It would take a pile of thin paper 24 inches (60cm) high to measure the distance between the earth and the nearest star if each page represented 93 million miles! Using the same scale, if we wanted to measure our galaxy (and remember there are many galaxies) we would need a pile of paper 496 kilometres high. If we wanted to measure the distance from the earth to the edge of the known universe - which is as far as the strongest telescopes can see - we would need a pile of paper that reached a third of the way to the sun, in other words 31 million miles high!

The energy in the universe is something that the human mind has hardly started to understand. We know about the energy of the sun, but do not know how much of this is radiated. There are heavenly bodies that have only recently been discovered that had the scientists puzzled for many years e.g. Supernovas etc. Some of these radiate so much energy that if they directed their energy towards the earth, the earth would be compressed into the size of a golf ball.

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - What a Mighty God…)
This energy is so powerful that our vocabulary is insufficient to describe it. They say that some of these heavenly bodies shine with the intensity of a billion stars put together. They are very small in relation to other heavenly bodies, but because of their intensity they are visible with a large telescope.

These things testify to the Greatness of their Creator!

If you really want to know how Great God is, ask yourself the question " How great is God to me personally?"

Is He a God that is limited to the church? Is He a God that you dare not ask to do too much for you, because you feel He is only capable of supplying ONE of your needs at the very most? How GREAT is He in your mind? If you have a limited concept of God, then your prayers will always be limited, and that which you trust Him for, will remain limited.

" If you remain in me and my words remain in you, ask whatever you wish, and it will be given you. ...You did not choose me, but I chose you to go and bear fruit - fruit that will last. Then the Father will give you whatever you ask in my name". John 15:7 & 16

We have taken a look at His Power, but now we must get complete certainty in our hearts about His ABILITY to answer our prayers. God is so great, that the Bible says that He not only made all these things but also MAINTAINS them by the power of His Word (Heb. 1:3) - incredible isn't it? How WILLING then is God to answer our prayers? He definitely has the capability to answer- but is He WILLING?

The time has come for the whole body of Christ (the church) to move into a new dimension, in relation to faith and prayer, and trust God for the IMPOSSIBLE. Do you know that we actually HONOUR God when we TRUST Him for what no man can do for us? Something that needs a miracle - HONOURS GOD!

Come let us consider another related issue. God communicates with man through the written Word. We are the only creatures with whom He chooses to communicate in this fashion. He uses LANGUAGE and places it in the form of Scripture to convey His thoughts and His will to us. He is also the most effective user of language and words, because He created them too!

If God chooses to use words to portray a concept to mankind, He will then surely use the best possible choice of words for the purpose. If God wrote in His word things to encourage our faith, wanting us to ASK impossible things of Him, and to TRUST Him for the impossible, He would surely use the words that conveyed this most effectively.

The two words which God uses repeatedly in the Bible to strengthen our faith and trust in Him, in relation to His Might and Power, are ANYTHING and WHATEVER! Let us look at some relevant texts: -

John 14:13 &14 " And I will do WHATEVER you ask in my name, so that the Son may bring glory to the Father. You may ask me for ANYTHING in my name, and I will do it".

John 15:7 & 16 " If you remain in me and my words remain in you, ask whatever you wish, and it will be given you. ...You did not choose me, but I chose you to go and bear fruit - fruit that will last. Then the Father will give you whatever you ask in my name".

John 16:23 " In that day you will no longer ask me anything. I tell you the truth; my Father will give you whatever you ask in my name'.

There are still many other texts in the Bible using the same words to make the same point. God is trying to BRAND upon our minds the truth that "anything" and "whatever" we ask Him (with a believing and obedient Heart, naturally) He will give to us.

We are the ones who limit this Mighty God of ours – the Almighty, unfathomable, Creator. It is a fact, that the material that remains after a neon (star) has exploded, is so dense that one teaspoonful will weigh more than 1000 elephants! These things were created by the Words of our God. It is as though God asks us: "What can you believe me for, because I am able to provide you with anything you ask according to My Will".

Joshua was surely a man who pleased God, because he asked for miracles and God answered him! Joshua 10 tells of the great battle of Gideon, during which time the Lord did many miracles. He sent huge hail stones upon the enemy, so that more of the enemy died from the hail stones, than there were Israelites killed by the sword.

Joshua wanted the battle to be won that same day in order to be sure that the entire enemy army was defeated. We read this gripping story in v.12 " Then Joshua spoke to the Lord in the day when the Lord delivered up the Amorites before the children of Israel, and he said in the sight of Israel, Sun stand still upon Gibeon, and you Moon in the valley of Ajalon ".

V13 " and the sun stood still, and the moon stayed until the people had avenged themselves upon their enemies". This was the day when THE LORD GAVE HEED TO THE VOICE OF A MAN!

Knowing God and taking Him at His Word gives us an understanding of what an awesome and mighty God we serve, for surely nothing is impossible for Him! **SCC**

Ons God van Wonderwerke!

Ek wil u bedank vir die wonderlike werk wat u verrig, ons ontvang gereeld ook u nuusbrief elke maand "Geloof in die Woord", ons kan nie wag om dit te lees nie. Ja, die Here is so goed vir ons. Dit is my kinders in Durban wat u ook gereeld voorgebid het, Nico en Magda, wat genesing ontvang het. Nico Paulsen se bene het lewe gekry, en sy vroutjie Magda, is genees van borskanker asook kanker van haar vrouedele. Ons loof en prys ons Hemelse Vader!!

Mag die Here julle baie ryklik seën

Mev M Paulsen, Manor

Ek wil julle net bedank vir al die gebede die afgelope jare. Ek het baie geleer en baie dinge ervaar. Maar een ding het ek geleer dat ons nooit alleen is nie. As God in Sy Woord sê, ek sal jou nooit begewe of verlaat nie, dan is dit so. Ek was 'n volslae diabeet, my seun was in 'n baie ernstige motor ongeluk, en ek en my man was vir vier jaar werkloos, ons seun was ook 'n drinker.

Ons het julle gebel wanneer dit vir ons te groot geword het om alles te hanteer. Julle het vir ons gebid en God het julle verhoor, ek is heeltemal van diabetes genees. Ons kind het die brein operasie oorleef hy het heeltemal herstel, en geen nagevolge van die ongeluk oorgehou nie. Hy drink glad nie meer nie. My man en ek het alles op die plaas opgepak, en stad toe getrek, binne 'n maand het hy toe 'n goeie werk gekry en ek het ook 'n goeie werk gekry.

Ons het geleer om nooit moed op te gee nie, en om vas te hou aan ons geloof. Om ons oog op Jesus te hou en te weet Hy is ons stuurman op die stormsee. Hy preek net een woord en die storm en wind het stil geword en Hy het ons veilig in gebring. Ons loof en prys die Here want Hy leef ons lofprys Sy naam tot in ewigheid. Amen!!

Ons bid al God se seëninge en liefde en Sy kosbare bloed oor julle almal. Julle moet so aangaan. Ons het baie geleer en leer nog steeds baie dinge wat ons nog nooit in ons kerke geleer is nie. Julle het ons oë deur die Heilige Gees oopgemaak. Daarom dank ons God vir mense soos julle. Ons bid dat julle nog duisende mense se lewens gaan help verander. Ek groet julle in die lieflike naam van Jesus.

Mev C Ingram, Danhof

Onlangs het ek aan u en u span by die Sentrum geskryf. Ek was radeloos en het nie geweet na wie ek moes draai nie. Ek was gepla met 'n siekte genaamd lupus, en dit het my vel en hare aangetas. Ek kon later niks vir my self en vir ander doen nie. Ek is 'n enkel ouer en die siekte het veroorsaak dat ek gebuk gegaan het, onder geweldige stres. Vandag kan ek danksy Gods rykste Genade en u aanhoudende gebede getuig dat ek gesond is. My laaste bloedtoetse het gewys dat daar niks verkeerd is nie. Ek werk nou weer soos vantevore.

Mev C Willemse, Grabouw

This is to remind you Dr van Zyl and your praying team about how I was healed of cancer five years ago when I phoned for prayer, and I am still healed and going strong at the age of seventy six years old. I am so grateful to God and your team. Thank you so much too for your encouraging books you sent me, I have been so blessed by them. With love.

Mrs M Manikkam, Stanger

Eerstens wil ek graag net vir u sê hoe wonderlik groot is onse Vader. 'n Tyd gelede het ek u gevra vir gebed. Dit was vir my dogter Elsabè. Sy het die probleem in haar nier gehad. Die dokters het vir meer as twee weke allerhande toetse gedoen. Vermoed daar is kanker en na 'n scan was daar gevind dat sy 'n abses in die nier het. Die uroloog het vir haar gesê hulle moes naalde in die abses druk en het toe die abses gedreineer. Hulle het die etter laat toets en nog kon hy niks verkeerd kry nie. Na 'n week, en dit was nadat u vir haar gebed gedoen het, het hy aan haar gesê dat alles skoon is. Hy het reguit vir haar gesê dat hy vermoed het dat die abses kwaadaardig sou wees. Weereens het ons Vader gesorg en deur u gebed het Hy verhoor.

Baie, baie dankie nogmaals vir u wonderlike gebed. Hoe groot is Onse Hemelse Vader! Ook vir nog ander versoeke en onse Vader was wonderlik goed vir ons.

Vir my twee seuns vir wie u gebid het, het onse Hemelse Vader ook verhoor. Toe kom ek met die divertikulose in die dikderm. Binne 'n dag het al daardie probleme verdwyn. Ek en my dogter het albei griep gehad. Vir byna twee weke, en nadat ek ook vir u om gebed genader het, was albei van ons onmiddellik genees. Sy was permanent aan suurstof gekoppel. En so wonderlik, na u gebede het alles net verbeter. Nogmaals baie, baie dankie dat u so wonderlik reageer het. Na u gebede was daar soveel genesings.

Mev E Hanekom, Somerset Wes

"..Ons het baie geleer en leer nog steeds baie dinge wat ons nog nooit in ons kerke geleer is nie. Julle het ons oë deur die Heilige Gees oopgemaak.."

(Vervolg vanaf Bl.2 - Geloof in die Woord….)

Mat. 18:3 gesê**: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!** `n Kind sal nooit `n probleem hê om die eenvoud van God se Woord te glo en te aanvaar nie. Dit beteken nie dat ons eenvoudig moet wees nie, maar eerder dat ons God op Sy Woord sal neem en glo dat as Hy dit sê, ons kan glo dat dit die waarheid is. Ons is nie geroep om daaroor te redeneer of te debateer nie, maar om dit te glo en daarop te reageer.

As `n mediese dokter, het ek deur my rede en mediese kennis geweet dat dit wetenskaplik onmoontlik was om vir `n blinde man met katarakte te bid om te kan sien. Ek het egter gekies om te glo wat God se Woord in Mark.16: 17-18 sê, aangaande die uitdrywing van duiwels en die oplê van hande op die siekes vir hul herstel. Toe ek in geloof gehandel het en God se Woord bo my eie mediese rede vertrou het, het God dit geëer en die man kon deur daardie katarakte sien, ten spyte daarvan. Hoe kan jy selfs begin om dit wetenskaplik te verklaar? En nog belangriker WAAROM MOET GOD SE WOORD WETENSKAPLIK VERKLAAR WORD? Daar is nog steeds baie wat probeer om die bonatuurlike weg te redeneer, hulle voel dat hulle een of ander wetenskaplike of mediese verduideliking moet gee, om so hul eie denke en intellek te bevredig. Die natuur van die mens is om al die kennis en feite in die palm van sy hand te hê, maar as ons al die kennis en feite het, dan is geloof oor'bodig. Ons is geroep deur `n Oppermag om in geloof te wandel.

Die Bybel verseker ons egter in **Num. 23:19: God is geen man dat Hy sou lieg nie; of `n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?** Hierdie skrif bevestig aan ons dat alles wat God aangaande die verlede, hede en toekoms gesê het, waar is. Ons kan seker daarvan wees dat wat God voorgeneem het, sal gebeur. **Jes.14:24: Die HERE van die leërskare het gesweer en gesê: Waarlik, soos Ek gedink het, so gebeur dit; en soos Ek besluit het, kom dit tot stand.**

`n Skrif wat dikwels twyfel bring aangaande die ses dag skepping, is waar Petrus verwys na "`n dag" wat soos "`n duisend" jaar is in 2 Pet.3:8. Laat ons egter kyk na wat hy in konteks sê met die saak wat hy aanspreek. **Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag.** Hy het hier met die probleem van die spotters gedeel wat gespot het met die belofte van die wederkoms van Jesus na die aarde. God se Woord vermeld nie die letterlike aantal dae of maande of jare, wanneer oor die wederkoms van ons Here Jesus Christus gepraat word nie. Petrus verwys na hierdie wagtydperk van Sy koms as `n onbekende tydvak, alhoewel hy die feit beklemtoon dat dit gaan plaasvind, ongeag van daardie tydvak. Daarom sy woorde dat een dag met die Here soos `n duisend jaar is. Hierdie is `n totaal ander prentjie teenoor wat God se Woord sê aangaande die tydvak in Genesis aangaande Sy skepping. Hier gee die geïnspereerde Woord van God aan ons duidelik `n presiese tyd, dit noem inderwaarheid spesifieke dae en die hoeveelheid daarvan. Ons kan dus sien dat die skrif aangaande `n dag wat soos `n duisend jaar is, glad nie betrekking het op die prentjie van God se skepping nie.



….Ons is geroep deur `n Oppermag om in geloof te wandel.

WAAR IS DIE BELOFTE VAN SY KOMS?

Die apostel Petrus moedig die vroeë Christene aan om aan te hou glo dat die belofte van Jesus se wederkoms, volgens die Woord van God, vervul sal word, net soos God se ander beloftes vervul is en sal wees. Hy verduidelik aan hulle dat God presies weet wat Hy doen, en herinner hulle aan die feit dat God die wêreld geskape het, die vloed in Noag se tyd toegelaat het, en die wêreld sal oordeel. Hierdie selfde God waarborg die terugkeer van Jesus. Ons lees Petrus se weergawe hiervan in **2 Pet. 3:2-10: Sodat julle die woorde kan onthou wat deur die heilige profete tevore gespreek is, en die gebod van ons, apostels van die Here en Verlosser. Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel en sê: Waar is die belofte van Sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af. Want moedswillig vergeet hulle dat daar van lankal af hemele was en `n aarde wat uit water en deur water ontstaan het deur die Woord van God, waardeur die toenmalige wêreld met water oorstroom is en vergaan het. Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde Woord as `n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense. Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag. Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom. Maar die dag van die Here sal kom soos `n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.**

Sommige mense is vandag nog dieselfde, wat dink dat alle dinge vir ewig netso sal aangaan. Meeste van die wêreldbevolking is heeltemal onkundig aangaande die feit dat Jesus na die wêreld gaan terugkom. Mense van die wêreld, het geloof in die mens en die "god" van hul keuse, hulle glo dat die mens die vermoë het om dit wat uitmekaar val te herstel, en word vernietig. As gevolg van al die rampe van die verlede en hede, is daar baie groepe en organisasies gestig met die doel om die planeet te bewaar en te red. Petrus verwys na die vloed wat in Noag se tyd plaasgevind het, waar elke mens behalwe Noag en sy gesin gesterf het. Die sluise van die hemel is geopen, en die water oor die aarde het op die aarde neergestort en die fonteine het oopgebreek. Omdat die aarde vol geweld was en alle vlees korrup was, het God gewaarsku van die vernietiging wat op die hele aarde sou kom. Die mense het geweier om ag te gee op God se oproep tot bekering en elke lewende ding op droë grond, het gesterf.

God het gewaarsku van die oordeel wat oor die aarde sou kom. Jesus het gesê dat dit `n tyd van beproewing sal wees, soos die wêreld nog nooit geken het nie. Die aarde is soos `n vrou in kraam wat op die punt is om geboorte te skenk,

(Vervolg op Bl. 8)

You can accomplish more in one hour with God than one lifetime without Him.

.....With God all things are possible.
Matthew 19:26b

BAIE BELANGRIK VERLORE POS



As u nie 'n erkenning op u brief of bestelling binne vier of vyf weke kry nie, dan moet u ons asseblief laat weet, want elke brief word beantwoord. Baie van ons pos word onderskep en gesteel en kom nooit by die Sentrum uit nie. Sodoende vra ons asseblief, as dit moontlik is, om enige betalings vir bestellings of donasies eerder in ons bank rekening in te betaal, weens die onbetroubare posdiens.

SPESIALE WOORD VAN DANK

Dankie Dankie

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.



BOEKE, KASSETT BANDE EN CD'S

Skakel ons of skryf aan ons vir 'n lys van ons boeke, kasett bande en CD's.

Hoe om te bestel:

1. Dui asseblief die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkie langs die titel
2. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks of pos die deposito trokie saam met die lys van u bestelling

Bank besondehede:
Eerste Nasionale Bank
Rek No: 53730091667
Takkode: 220129
Faks no: (032) 5525411

OF, stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. As u nie u bestelling binne 4 of 5 weke ontvang nie, dan moet u ons asseblief laat weet.

uit Dr James se kantoor



Geliefdes in Jesus,

God is goed, Hy het wonderlike reën aan ons gestuur en ons pragtige landskap het Sy seën ingedrink! En ons weet dat ons `n oorvloed van Sy skepping gaan sien, soos die aarde pragtige groei en skoonheid gaan voortbring om te aanskou! Die inhoud van hierdie maand se nuusbrief bevestig wat ons rondom ons ervaar. Ons kyk met verwondering na Sy wonderbaarlike werke en besef weereens wat `n verbasende Skepper God ons dien.

Ons is bly om, na ons ernstige konfrontasie met ons plaaslike poskantoor, te kan sê dat dinge baie verbeter het betreffende ons verlore en onafgelewerde pos. Nogtans is ons dankbaar vir diegene wat pos na ons alternatiewe posbusnommer toe stuur, dit is Posbus 232, Ballito, 4420. Onthou dat elke brief van julle vir ons belangrik is. Dit word nie net gelees nie, maar daar word oor dit gebid en beantwoord, so as julle nie `n antwoord ontvang nie, laat ons asseblief weet. Dankie vir jul begrip en samewerking gedurende hierdie tyd van die duiwel se aanval op ons inkomende pos! Daar is altyd oorwinning in Jesus se Naam.

Ons wil julle opreg, diep uit ons hart bedank vir julle voortgaande aanmoediging, liefde, gebede en finansiële ondersteuning, waarsonder ons nie by magte sal wees om die baie verlore siele, wat van Jesus moet weet en Sy reddende en genesende genade, te bereik nie. Dit was vir ons moontlik om duisende van ons gratis boeke, in beide Engels en Afrikaans, te versprei, en het wonderlike getuienisse wat aan ons bewys dat God se Woord nie leeg na Hom terugkeer nie, maar doen waarvoor dit gestuur is. Sy Woord is gees en waarheid, en bring lewe na die leser en hoorder.

Weereens wil ons die lesers bedank vir hul aandeel wat dit moontlik gemaak het.

Ons verseker julle van ons liefde en gebede elke oggend tussen 7 en 8 vm., wanneer ons met danksegging, die Here se dood aan die kruis in gedagtenis bring, soos ons die brood breek en die beker deel. Wat `n wonderlike Verlosser, Wie `n Lewende menslike offer geword het, sodat ek en jy die voordele van Golgota kan geniet.

Met baie spesiale liefde in Jesus, van ons almal by die Sentrum.

Dr James

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Geloof in die Woord...)
nogtans is biljoene mense blind vir die feit dat Jesus op die punt is om terug te kom. DIE GOEIE NUUS is, dat netsoos God `n ark vir Noag en sy gesin voorsien het, Hy dieselfde gedoen het vir hulle wat Syne is en wie se name in die Lam se Boek van die Lewe opgeskryf is. Hy het `n weg gemaak om van die toorn wat kom te ontsnap. Ons word vertel dat met die klank van die trompet van God, voordat hierdie vreeslike tyd begin, ons saam met Hom in die wolke opgeraap sal word, om Hom in die lug te ontmoet. Ons as Christene glo dat dit die "Wegraping" is, wat beteken "om opgeraap te word", om " op te styg". **1Thes. 4:17: Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.**

Petrus gaan dan aan deur te sê dat alhoewel die terugkeer van Christus min of meer veertig jaar voor dit, belowe is, sal God in Sy perfekte tydsberekening, Sy perfekte plan vervul. Petrus probeer glad nie om te sê dat tyd soos ons dit ken, nie vir God belangrik is nie, maar eerder dat Hy in beheer van tyd is. God se Genade en Barmhartigheid is duidelik, want Hy wil nie hê dat een verlore moet gaan nie, maar eerder tot bekering kom en die ewige lewe het.

Dadelik toe die hemele en die aarde geskape is en die mens gemaak is, het God `n spesifieke horlosie aangewys om die tyd te beheer. Hy het met die eerste dag van die skepping begin, en dit was dag een, die eerste dag. Hy het gesê dat Hy alles in ses dae geskape het en toe op die sewende dag gerus het. God se tydsberekening is altyd volmaak, want Hy werk volgens Sy volmaakte plan. Hy het aan ons`n letterlike ses dae skepping gegee as `n voorbeeld vir Sy tydsplan vir die mensdom.

Ek glo, en dit is my opinie, dat God ses duisend jaar aan die mensdom toegestaan het voor Jesus terug kom. Ses is die getal van die mens. Dan sal daar `n tydperk van een duisend jaar (die millenium) wees, wat die sewende dag van die skepping aandui. Dit sal `n tyd van vrede op aarde wees, waar die leeu saam met die lam sal lê, en gedurende hierdie tyd sal die heiliges saam met Jesus op die aarde regeer.

Ons wat op Sy terugkeer wag sal nie onverhoeds betrap word nie, maar net soos God Noag geroep het om in die ark te gaan en die deur daarna toegemaak het, sal ons geroep word om Hom in die lug te ontmoet. Met dit in gedagte laat ons die laaste bevele van Jesus aan Sy dissipels oordink, voordat Hy op die wolke weggevoer is om met Sy Vader te wees. **Mark. 16:15-18: En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange** (verwysing na die werke van Satan) **sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.**

Net soveel geloof is nodig om te glo dat Jesus die siekes genees, die dooies opwek en Sy dissipels mag gegee het om dieselfde te doen, as om te glo dat God alles wat bestaan in ses dae geskape het, en dat Jesus binnekort terug kom. Laat ons deel wees van hulle wat vol geloof is wanneer Jesus terug kom, met ons lampe vol olie, blywend in die Druiwestok en wat baie vrugte dra. **SCC**